NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2017

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord **EEN** vraag uit Afdeling A, en **EEN** vraag uit Afdeling B.
4. Akkurate en voldoende feitelike kennis is noodsaaklik, so ook die vermoë om toepaslike inligting krities te gebruik in die beantwoording van die vrae.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae in die vraestel genommer is.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

IEB Copyright © 2017

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

'n Beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering word verlang. Dit moet ongeveer 800–900 woorde lank wees. **(Dit is nie nodig om 'n woordtelling in te sluit nie.)**

TEMA ONAFHANKLIKE AFRIKA

VRAAG 1

Met verwysing na die sosiale, ekonomiese en politieke beleide wat Julius Nyerere na onafhanklikheid in Tanzanië implementeer het, assesseer krities of hy in staat was om sy doelwitte van gelykheid en selfstandigheid te behaal.

[70]

OF

TEMA BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTES 1950's TOT 1970's

VRAAG 2

Met verwysing na die doelwitte en optredes van die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika vanaf 1955, assesseer krities of segregasie en diskriminasie teen 1965 oorkom is.

[70]

OF

VRAAG 3 BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA 1970's EN 1980's

Met verwysing na die hervormings wat P.W. Botha sedert die laat 1970's in Suid-Afrika implementeer het, assesseer krities of hy in staat was om teen 1989 sy doelwitte van blanke oorheersing en Nasionale Party-beheer te kon bereik.

[70]

70 punte

IEB Copyright © 2017

AFDELING B

Beantwoord enige **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfstuk moet ongeveer 350–400 woorde lank wees. Gebruik jou eie kennis; jy mag ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord. **(Dis nie nodig om 'n woordtelling in te sluit nie.)**

TEMA ONAFHANKLIKE AFRIKA

VRAAG 4

Die foto hieronder, wat in 1983 geneem is, toon Mobutu Sese Seko van Zaïre wat Ronald Reagan, President van die Verenigde State van Amerika, by die Withuis in Washington DC ontmoet.

[Bron: <http://www.912communique.com> (Verkry 10 Desember 2016)]

Verduidelik die effek van Mobutu Sese Seko se sosiale en ekonomiese beleide op die Kongo/Zaïre van 1965 tot 1997 deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Hoekom het Mobutu Sese Seko sy sosiale en ekonomiese beleide van 1965 tot 1997 in die Kongo/Zaïre implementeer?

(b) Watter sosiale en ekonomiese beleide het Mobutu Sese Seko van 1965 tot 1997 in die Kongo/Zaïre implementeer?

(c) Wat was die suksesse en mislukkings van Mobutu Sese Seko se sosiale en ekonomiese beleide in die Kongo/Zaïre?

[30]

IEB Copyright © 2017

OF

TEMA BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTES 1950's TOT 1970's

VRAAG 5

Die foto hieronder, wat in die laat-1960's geneem is, toon protesoptrede in die Verenigde State ten gunste van gewettigde aborsies.

[Bron: <https://womensmovement60s.wordpress.com> (Verkry 10 Desember 2016)]

Verduidelik hoe die Vrouebevrydingsbeweging gepoog het om tradisie en vooroordeel[1] in die Verenigde State in die 1960's en 1970's uit te daag deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat was die Vrouebevrydingsbeweging en wat was sy doelstellings?

(b) Hoe het die Vrouebevrydingsbeweging gepoog om tradisie en vooroordeel in die 1960's en 1970's in die Verenigde State uit te daag?

(c) Wat was die suksesse en mislukkings van die Vrouebevrydingsbeweging in sy poging om tradisie en vooroordeel in die 1960's en 1970's in die Verenigde State uit te daag?

[30]

OF

[1] vooroordeel: mening wat nie op rede of werklike ervaring gegrond is nie

IEB Copyright © 2017

TEMA BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA 1970's EN 1980's

VRAAG 6

Die foto hieronder, wat in die vroeë 1970's geneem is, toon Dr. Mamphele Ramphele wat 'n kind by die Zanempilo Kliniek in die Oos-Kaap ondersoek.

[Bron: <https://www.cambridge.org> (Verkry 10 Desember 2016)]

Verduidelik hoe die Swartbewussynsbeweging gepoog het om die Apartheidstaat in die 1970's uit te daag deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat was die Swartbewussynsbeweging en wat was sy doelstellings?

(b) Hoe het die Swartbewussynsbeweging gepoog om die Apartheidstaat in die 1970's uit te daag?

(c) Wat was die suksesse en mislukkings van die Swartbewussynsbeweging in sy poging om die Apartheidstaat in die 1970's uit te daag?

[30]

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2017